

## 26. Evangelisasie

### 26.1 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA OOR SENDINGORDE EN SENDINGDEPUTATE (Art 215)

- A. Dr GJ Meijer stel die beskrywingspunt.
- B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

#### C. BESKRYWINGSPUNT

##### 1. Beskrywingspunt

Dat die Sinode:

- 1.1 'n Kerkorde-artikel met die volgende bewoording goedkeur: "Die Algemene Sinode stel 'n Sendingorde vas in sover algemene bepalings daarvoor nodig is" (vgl Acta 1964:62, KO, art 52).
- 1.2 Sendingdeputate aanwys om aan die hand van die Sendingorde wat deur Sinode 1967 goedgekeur is (Acta 1967:240-242) 'n geaktualiseerde Sendingorde voor te berei wat deur Sinode 2015 goedgekeur kan word.

##### 2. Motivering

###### 2.1 *Sendingorde*

- 2.1.1 Sinode 1964 het, met die vasstelling van die hersiene Kerkorde, in art 52 bepaal dat "die Nasionale Sinode 'n Sendingorde vasstel in sover algemene bepalings daarvoor nodig is" (Acta 1964:62).
- 2.1.2 Sinode 1979 het art 52 van die 1964-Kerkorde laat verval. Die hoofrede wat vir die verval van art 52 gegee word, was die destydse noodsaak om 'n ekstra Kerkorde-artikel met die oog op die instelling van 'n Algemene Sinode te skep; 'n rede wat tans nie meer geldig is nie (vgl Rapport Kerkorde van die CJBF).
- 2.1.3 Verdere redes wat Sinode 1979 vir die verval van art 52 aangevoer het, is dat "sending primêr die taak van die plaaslike kerk is" en dat "'n Sendingorde nie meer nodig is wanneer prinsipiëel tussen kerk en sending onderskei en geskei word nie" (Acta 1979:554, 2.2.3.4.4 (ii)). Dié redes word nie verder deur die Sinode 1979 toegelig of gemotiveer nie.

###### 2.2 *Sendingdeputate*

- 2.2.1 Nieteenstaande die feit dat Sinode 1979 besluit het om art 52 van die 1964-Kerkorde te laat verval, is daar deur talle Sinodes daarna voortgegaan om Sendingdeputate met 'n duidelik omskrewe opdrag aan te wys (Acta 1982:577, 6; Acta 1985:153, 21; Acta 1988:380, 4.4; Acta 1991:357, 4; Acta 1994:268, 4).
- 2.2.2 By Sinode 1997 het 'n Rapport van die Sendingdeputate gedien. In die Rapport word aanbeveel dat daar weer Deputate met 'n duidelik omskrewe opdrag benoem word. Sinode 1997 het *sonder enige genotuleerde motivering* besluit om nie weer Sendingdeputate te benoem nie (Acta 1997:279, 4).

###### 2.3 *Nood*

- 2.3.1 Op die oomblik is daar heelwat plaaslike kerke wat hulle aktief vir sendingwerk beywer. Talle sendinguitreike word binne en buite die land onderneem.
- 2.3.2 Afgesien van plaaslike aksies is daar aktiwiteite wat op groter skaal georganiseer word, onder andere deur CRUMA (<http://www.cruma.co.za/>).
- 2.3.3 Daar is al pogings aangewend om die verskillende sendingaktiwiteite van gemeentes opnuut met mekaar in verband te bring, sodat daar geen oorvleueling in die werk plaasvind nie. Die GK Cachet stel vir 26-28 Augustus 2011 'n konferensie in die vooruitsig waartydens onder andere gehandel sal word oor sinchronisering van sending- en evangelisasiewerk.

- 2.3.4 Sinode 2000 (Acta 2000:252) het 'n Beskrywingspunt goedgekeur waarvolgens sendingsamewerking tussen die GKSA en buitelandse kerke bevorder moet word. Die saak is aan die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede opgedra. Laasgenoemde Deputate het reeds 'n omvangryke taak wat betref die aangaan en onderhouding van bande met ander Gereformeerde Kerke.
- 2.3.5 In geheel gesien blyk dit van kardinale belang te wees dat die kerke in Algemeen Sinodale verband opnuut afsonderlik Sendingdeputate aanwys, wat sal help toesien dat die sendingopdrag van ons Here Jesus Christus gehoorsaam en sinvol uitgevoer word.

**Besluit: Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee.**